Laerskool Roodekrans

4 Februarie 2022

Geagte Ouers,

WEEKLIKSE KOMMUNIKASIE

BOODSKAP:

"Woorde wat uit kennis kom,
is kosbaarder as goud en edelstene." Spreuke 20:15

PERSONEEL:

Baie sterkte aan juffrou Johalize en haar familie met die afsterwe van haar oupa op Dinsdag, 1 Februarie na 'n lang siekbed.
Baie geluk aan Me. Heidie van den Berg met die verlowing van haar dogter, Anandi.

BELANGRIKE DATUMS:

Eerste kwartaal se kalender is in Teams se Algemene kommunikasie gelaai.
Entrepreneurs- Inhandiging van registrasie vir Markdag verskuif van Maandag, 7 Februarie na **Dinsdag, 8 Februarie 2022** a.g.v. die Interlaer.

GRONDSLAGFASE GR. RR - 3 SKOOLBYWONING MAANDAG, 7 FEBRUARIE

Skool gaan normaal voort vir Gr. RR - 3. Die personeel gaan nie by die atletiek werk nie.
Die Gr. 3 gaan wel **13:00 sluit**.
Indien leerders afwesig is, sal afwesig gemerk word. Dit geld ook vir Gr. 4-7-leerders MAAR nie vir atlete nie.
Daar sal 'n wagklas vir Gr. 4-7-leerders wees, wat nie toesig tuis het nie.

ATLETIEK

Ons atlete het Dinsdag, 1 Februarie ons skool verteenwoordig by die Prestige atletiek byeenkoms te Hoërskool Noordheuwel. Dit was 'n spog byeenkoms waar ons atlete kon kragte meet teen atlete van Laerskool Orion, Fairland en Helderkruin. Die atlete het uitgestaan en pragtig presteer.
Maandag, 7 Februarie vind ons Cluster A byeenkoms plaas by Ruimsig Atletiekstadion. Ons wens al ons atlete wat gaan deelneem sterkte toe.
Ons weet julle sal ons skool se naam hoog hou.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

SWEM:

Groot opgewondenheid het verlede Vrydag geheers toe 20 Roodie swemmers by die Deutsch Schule in Johannesburg geskiedenis gemaak het, deur aan die skool se eerste swemgala deel te neem. Die swemgala het verrassende uitslae opgelewer.
Ons het algeheel derde geëindig en naam gemaak, toe die seuns en dogters die aflos gewen het.
Vandag se swemgala is ongelukkig afgestel a.g.v die reën.
Ons span van 35 swemmers sien uit na Vrydag, 11 Februarie se swemgala te Deutsche Schule.

INSKERPINGSKLASSE Gr. 4 - 7

Woensdae-middae
Tye van 13:45 tot 14:20.

ENTREPRENEURSNUUS:

Eerste Markdag het verskuif na **Donderdag, 03 Maart 2022**.
Slegs Gr. 3 - 7 leerders mag 'n stalletjie huur.
Slegs Gr. 1 -7 gaan die eerste Markdag bywoon.
Inhandiging van aansoek om 'n stalletjie te huur (SLEGS gedurende pouses): Verskuif na **Dinsdag, 8 Februarie.**

FOTODAG:

Fotodag vind plaas op **Dinsdag, 15 Februarie**.

INDIVIDUELE FOTO'S Gr. 2-7 :
Koste: **R 120.00**
Moet vooraf betaal word by registerpersoneel.

KLASFOTO'S Gr. 1-7:
Koste: R60.00
Klasfoto's kan na die 15de Februarie bestel en betaal word wanneer ons verskillende proewe ontvang.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

ROODIEKAS ASOOK KLEREBANK:

Tye - Soggens 07:00 - 07:45 elke dag Maandag tot Vrydag.
Middae 12:30 - 14:00 (Slegs Ma - Do.
Die klerekas is nie op Vrydae-middae oop nie.)

TJOKKER-TONEEL: GR. 4 – GR. 7

Die ATKV bied hierdie jaar weer hul alombekende "Tjokker-toneel"-kompetisie aan.
Laerskool Roodekrans gaan hierdie jaar aan hierdie kompetisie deelneem.
Om in aanmerking te kom vir hierdie toneelgroep word daar van die leerders verwag om deel te neem aan die **oudisies** op **Vrydag, 11 Februarie 2022** in die skoolsaal om **14:00**.
Leerders moet tydens die oudisie 'n **monoloog van 5 – 9 minute** kom opvoer.
Daar sal 9-leerders gekies word waaruit die toneelgroep sal bestaan.

SPORT:

ATLETIEK:

Oefentye vir Interlaerspanlede asook atlete wat nog dié week wil kom oefen - Sien Omsendbrief van 21 Januarie 2022.

MINI-NETBAL:

Die NETBUDDIES program is 'n beginnersvlak netbal inisiatief wat kinders die basiese netbalvaardighede leer met TONNE pret. Die Graad R- dogters het Dinsdag,
1 Februarie se netbal vanaf 10:20 - 11:00 vreeslik geniet.
Dogters moet asb. hulle **tekkies op Dinsdae** onthou, want die bane is baie warm.

Kyk gerus in die Roodie Rakker Team vir meer inligting. #Roodienetbal#Eendoelvooroë

SWEM:

Neem asseblief kennis van die komende week se oefentye.

Maandag:	Geen oefening a.g.v. atletiek nie!	
Dinsdag :	0/10 & 0/11	16:00 - 16:45
Woensdag :	0/8 & 0/9	15:10 - 15:50
	0/12 & 0/13	16:00 - 16:45
Donderdag:	0/10 & 0/11	16:00 - 16:45

Maandag:
14 Jan. 0/8 & 0/9 15:10 - 15:50

Datums vir Februarie:

4 Feb. - Wendywood Primary School - Gekanselleer
11 Feb. - Deutsch Schule Johannesburg
18 Feb. - Deutsch Schule Johannesburg

BERGFIETS:

Vir Gr. 5- tot Gr. 7-leerders.
Voltooi asb. die ''Google Form'" wat op MS Teams geplaas is voor Vrydag,
18 Februarie 2022.
Vir enige navrae kan u vir Mnr. Albert kontak by Albert@roodekranslear.co.za.

RUGBY EN NETBAL:

Netbaloefening vir 0/9 - 0/13 oefengroepe -
Dinsdae en Donderdae van **15:00 - 16:00** (Slegs gedurende atletiekseisoen)

Rugbyoefening vir 0/9 - 0/13 -
Dinsdae en Donderdae van **15:00 - 16:00** (Slegs gedurende atletiekseisoen)

0/9 - PA en SEUN-RUGBYKAMP

Neem kennis van die brief wat vandag in Teams gelaai is.
Enige navrae kan aan Mnr. Ian of Mnr. Arno Coetzee gerig word.
ian@roodekranslaer.co.za
arno@roodekranslaer.co.za

WELPIE RUGBY:

Welpie seuns (**0/6 - 0/8**) kan begin om die slapies af te tel, want **Maandag, 21 Februarie 2022** begin hulle oefening.

SENIORKOOR:

Tye:

Vrydag: 4 Feb. - 15:00 - 19:00
Saterdag: 5 Feb. - 09:00 - 16:00
Sondag: 6 Feb. - 08:00 - 10:00

Sterkte vir dié besige koornaweek.

SKAAK:

Skaaktye vir Graad 1 – 7: Sien Omsendbrief van 21 Januarie 2022

Daar sal **Maandag, 7 Februarie geen skaakoefening** wees vir al die Graad 1-7 leerders as gevolg van die interlaer atletiek asook personeelopleiding.

HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net